

## GEBEDFOKUS

Bid vir al die sendelinge wat ons gemeente ondersteun: vir beskerming, goeie gesondheid, voorsiening in finansiële en materiële behoeftes en ryke seën op hulle werk. Ons dink veral aan ds. Theuns Henn wat besig is met toerusting van pastore.

Bid vir die bedieninge in ons gemeente: Getuienisaksie, Barmhartigheid, Gemeentebediening, Erediensbediening, Arbeidsbediening, Kleingroepe en Gesinsbediening.

Ons loof die Here:

Die grootheid, die krag, die glans, die roem en die majesteit, heerskappy behoort aan U. (1 Kron. 29:10-13)

Deur gebed leer God ons om die wet van die liefde te verstaan, om volgens die wet van die liefde te praat en alles in harmonie met die wet van die liefde te doen.

E. Bounds

## BELYDENISAFLEGGING

Volgende Sondag lê vyf nuwe lidmate tydens die gesinsdiens in die kerkzaal, belydenis van geloof af.

## KUIERFEES

Die naam van die Gee-basaar het verander en ons gaan liewer praat van 'n KUIERFEES. Hierdie jaar vind dit op Maandag 17 Junie plaas. Ons gemeente hanteer weer die pannekoektafel. As lidmate bydraes wil gee, moet dit liewer kontant wees sodat gekoop kan word wat kort. Daar gaan ook 'n kleretafel wees as iemand dalk iets daarvoor wil skenk. Wit olifante en boeke kan ook by die kerkkantoor afgegee word.

Die idee van die Kuierfees is dat lidmate hul huishulp of tuinman soontoe neem. Of iemand wat kerklos of eensaam is kan saamgenooi word. By die hek ontvang elkeen 'n pakkie kaartjies waarmee gratis van die basaarlekkernye gekry kan word.

## AGAPÉ GROEP

U word hartlik uitgenooi op Saterdag 17 Mei. Ons gaan 'n vrolike byeenkoms hê waar ons gaan kyk wie die mooiste hoed uit afvalmateriaal kan maak. Kom gerus en lag en gesels saam met ons by die VG Kerk om 15:00 op 17 Mei.



**DEUR GOD**  
die bron  
van lig en lewe

**LEWE ONS**

Kerkkantoor: 0282713470

Leraars:

Steven Sass 072 352 8347  
sassteven@hotmail.com

Chris Malan 072 198 7279  
drchrismalan@outlook.com

Webwerf: [www.ngkkleinmond.co.za](http://www.ngkkleinmond.co.za)

E-pos [ngkkleinmond@gmail.com](mailto:ngkkleinmond@gmail.com)

# 12 Mei 2019

## Welkom by die Erediens



09:00 Kerkzaal - Ds. Jannie Hougaard  
09:00 Hangklip - Ds. Steven Sass  
09:30 Kerkgebou - Ds. Marius Greeff

Deurkollekte: Studentebearbeiding

**Eredienste 19 Mei 2019**

09:00 Kerkzaal  
09:00 Hangklip-Sentrum in Bettysbaai  
09:30 Kerkgebou

Deurkollekte: Plaaslike Getuienis



**Ons gemeente  
se snapsan kode**

## ONS GEE OM



### WAAR DAAR HARTSEER EN KOMMER IS.

Ons dink aan almal wat ons gebede baie nodig het

Ons dink veral aan Ida Mouton: HK1 (☎ 4068),

Marianne Oosthuizen: KP (☎ 0787342726),

Ammi de Villiers: Bb3 (☎ 0847695301),

Annetjie Gouws: PM1 (☎ 0842837822),

Marie Groenewald: KB3 (☎ 0722205457),

Jessie Hechter: BB1 (☎ 0823710877) en

Amanda en Gerhard Booyen: Ba2 (☎ 0827821604).

### .. EN WAAR DAAR VREUGDE IS. . .

**Baie geluk** aan almal wat gedurende die week verjaar.

In die besonder almal wat vandag verjaar. Ons gee ook hul kontaknommer sodat u hulle kan bel.:

Niekie Bernard (KB5), Bettie Jackson (Sel: 0836026943 - Sa2),

Handré Joerdens (PM1), Albert Smit (Sel: 0827737447 - Ba1)

André Steenkamp (Sel: 0732576351 - BB3).

## DIE WEEK SE PROGRAM

<b>Sondag</b>	18:00 Bybelskool in kerksaal
<b>Dinsdag</b>	16:30 Gebedsgroep
<b>Donderdag</b>	16:00 Kooroefening

## DIS WEER TYD VIR DAAI ONTBYT

*aangebied deur die manne vanni Hangklip*

**SATERDAG 25 MEI 2019 om 09h00**

**KERKSENTRUM BETTYSBAAI @ slegs R80 per eter**

### KAARTJIES

*Hangklip se Dienswerkers*

*Kerkkantoor en Albertyn Apteek op Kleinmond*

## INTERKERKLIKE BIDUUR

Die interkerklike biduur word op Sondag 19 Mei om 15:30 gehou by die VGKerk. Vir meer besonderhede bel

Lisel Krige 028 272 9533 / 082 572 2711

of Hesta Smit 028 271 4000 / 083 608 4356

## SINODESITTING

Ons gemeente word by die sinodesitting van 13 tot 17 Mei verteenwoordig deur dr. Chris Malan, ds. Steven Sass en Le

Roux en Ria Burrows. Mag dit vir hulle 'n besondere ervaring wees. Indien u in hierdie tyd 'n leraar benodig kan ds. Jannie Hougaard deur Kleinmonders gebel word (083 680 7694) en in Hangklip kan ds. Daan Botha gebel word (0833058147)

### **RAMADAAN: 6 Mei tot 4 Junie**

Ons bid spesifiek vir Moslems gedurende hierdie tyd. Daar sal elke Sondag inligting in die Kerkklok geplaas word oor waarvoor voorbidding gedoen kan word.

Daar is ook 'n daaglikse gebedsgids by die deure en die kerkkantoor beskikbaar.

Alhoewel Moslems Jesus (Isa genoem) as besondere profeet erken en glo dat hy wonderwerke verrig het, ontken hulle dat hy die Seun van God is en misken hulle die Vaderskap van God. Bid saam met ons hierdie week dat Jesus wat gekom het om te soek en te red wat verlore is, Moslems se geestesoë sal oopmaak vir wie Hy regtig is. Wees bereid om deur Hom gebruik te word.

### **VERSOEK VAN VGK**

Die VGK is op soek na skoenbokse of bokse wat net 'n bietjie groter is.

Dit kan by die kerkkantoor afgegee word.

### **ONGEBRUIKTE INK**

Hier is ink (940 HP Office Jet ) by die kerkkantoor wat nie meer gebruik word nie. Indien iemand dié ink gebruik, kan jy dit by die kerkkantoor kom kry.

### **KANSELRUILING**

Daar is vandag kanselruiling. Dr. Chris tree in Greyton op en Greyton se ds. Marius Greeff preek in die kerkgebou.